DR. P. J. VAN LEEUWEN, *Het Christelijk Onsterflikheidsgeloof. Een Bijbels-*

iew metadata, citation and similar papers at core.ac.uk

brought to you by CO

provided by AJOL - African Journals On

eschatologiese probleme in die algemeen en in die probleme van onsterflikheid en opstanding in die besonder. Gereeld word dan ook oor hierdie onderwerpe gepubliseer.

Wat Nederland betref, is dit veral sedert die verskyning van Prof. Dr. G. van der Leeuw se *Onsterfelijkheid of Opstanding* (1936) byna 'n uitgemaakte saak om onsterflikheid en opstanding teenoor mekaar te stel. On-

sterflikheid in die algemeen gangbare sin dat die mens 'n sterflike liggaam en 'n onsterflike siel het, sodat eg. in die dood ten onder gaan terwyl lg. net oorgaan in 'n ander staat, sou dan 'n Griekse gedagte wees wat op 'n verkeerde antropologie berus en heeltemal vreemd aan die Bybel is. Die Bybelse boodskap is dié van die opstanding.

Dr. van Leeuwen het sy studie oor hierdie probleem baie wyd opgestel en 'n massa literatuur daarby betrek. Selfs probleme wat 'n mens sou reken as net van sydelingse belang, b.v. die kwessie van die verhouding tussen wetenskap en geloof, kom breedvoerig ter sprake. Die skrywer vergeet sy sentrale tema egter nêrens nie en bring alles in lyn met sy hoofgedagte. Hierdie wyse van werk gee aan sy werk 'n besondere rykdom.

Die skrywer wys beslis en onomwonde die Griekse onsterflikheidsbegrip met die antropologie waaop dit berus, af. Daar is egter op grond van die Bybelse antropologie en die N.T. se verkondiging van die inkarnasie en opstanding van Christus nog steeds ruimte om van onsterflikheid te praat. Hierdie onsterflikheid staan nie teenoor opstanding nie, maar is wesenlik daarmee verbonde, is eintlik een daarmee. Die skrywer onderskei 'n presente, komende en voleindigde opstanding. Lg. twee is wat gewoonlik onder die term opstanding verstaan word. Die presente opstanding berus op die N.T. se, veral Johanneiese en Pauliniese, gedagte van die mens wat in sy sonde dood is, in Christus lewe, wat met Christus sterwe en met Hom opstaan, wat in Christus 'n nuwe skepping, 'n deel van die nuwe hemel en aarde is. Dit is geen besit van die mens in siggself nie, maar 'n hoogste geloofswerklikheid, wat alleen in Christus bestaan. Wie in Christus is, is onsterflik, omdat hy reeds gesterwe het en weer opgestaan het. Die dood is vir hom alleen die beëindiging van die aardse bestaan met al sy geloofsspanninge.

Die skrywer stel 'n besonder sterk en oortuigende saak. Die laatste woord is egter nog nie gespreek nie. Hoewel die skrywer homself beperk tot onsterflikheid en opstanding, sny hy tog die probleme van die toestand na die dood aan. Hy noem die probleme maar bied gee oplossing aan nie: b.v. hoe ontkom 'n mens daaraan om op sy standpunt nie al die klem op die individuele onsterflikheid te laat val en die gemeenskap van gelowiges op die agtergrond te skuiwe nie? Indien ons onsterflikheid aanvaar, hoe moet ons dan die laaste (voleindigde) opstanding en die eindoordeel sien?

Ten spyte van al die besware wat 'n mens kan opper, is hierdie 'n besonder deeglike, grondige werk waarvan notisie geneem moet word. Ons wil dit ten sterkste vir studie aanbeveel.

P. S. DREYER.